**Die liggie by die Kweperboom – Vertelling deur Tannie Wilmien, neergepen deur Englie Botha**

Op ‘n plaas, in die Balfour-omgewing, sit ‘n jong meisie en luister na haar oupa se vertellings. Vandag se kind sal onmiddellik vir oupa sê: “Ag oupa, dit kan nie waar wees nie”. In teenstelling het daardie jong meisie net haar oupa gevra om haar te roep wanneer dit weer gebeur.

Dit is die jaar 1962. Die jong meisie, Wilmien, toe maar 12 jaar oud, sit met groot afwagting die aand saam met oupa op die stoep. Sy was besig in die huis, toe oupa haar roep dat dit amper tyd is. Sy los alles en gaan neem haar plek in op die ou groot plaashuis se stoep. Mens moet jou oë hier buite ‘n paar keer knip, want die donkerte om die huis laat jou voel of jy blind geraak het.

Oupa het altyd someraande tot ‘n ruk na donker op die stoep gesit, met net die lamplig se skynsel wat deur die oop voordeur en venster geskyn het. In die stilte met net die naggeluide en die donkerte se geheimsinnigheid, sit die twee amper roerloos op die stoep. Die behaaglike teug wat oupa aan sy Venus sigaret vat, is die enigste bekende geluid wat die stilte verdryf. Oupa, ‘n lang man van 7 voet 4 (ongeveer 2.2m in metrieke herleiding) se gunsteling posisie op die stoep, was op sy hurke, langs die stoel. Hy het sy koppie swart tee altyd op die stoel neergesit. Wilmien onthou: “Die blou pakkie Venus, met sy boksie vuurhoutjies, was altyd teenwoordig.”

Meteens gebeur dit, dit wat Wilmien nie gedink het moontlik kan wees nie…

Wilmien vertel eers van die landskap daar voor die stoep: “Waar ek saam met oupa op die stoep was kon jy oor die pampoenland voor jou kyk na daar waar ‘n natuurlike fontein geleë was. Die fontein was tussen ‘n lang ry Wilgerbome wat van links na regs gestaan het.”

Wilmien ken die fontein baie goed, want dit is waar ouma gaan water skep het vir die huis. Die sewe modderige trappe het sy al vele maal afgeklim tot daar onder waar die paddavissies swem. Daar is die water geskep en weer met die trappe opgedra, terug na die huis. Sodra jy afgeklim het met die trappe, het jy weggeraak tussen die grondwalle weerskante daarvan. Die Wilgerbome om die fontein, se takke het oor die fontein gehang en koelte oor die water gegooi, met sonstrepies wat deur die takke op die water geskyn het.

Wilmien se gedagtes is eers vir ‘n ruk hier vasgevang in die nostalgie van onthou. Sy vertel eers van die paddavissies wat in die water weggeskarrel het wanneer sy die emmer in die water laat sak het. “Vir my as kind was dit n wonder wêreld.” Dit was vir jong Wilmien ‘n groot ervaring om die water met die trappe na bo te dra. “My lyfie moes voortbeur teen die die trappe uit. Bo gekom het ek eers die emmer neergesit om te rus, voor ek die tog huis toe aanpak.” Ouma het gewoonlik vir haar die kleiner emmer gegee, maar dan moes sy twee keer loop om die groot emmers, op ‘n sytafel teen die kombuis se muur, vol te maak. Daar was twee groot emmers en dan die kleiner een wat altyd vol water op die tafel gestaan het.

Dit is nie regtig ‘n vêr afstand tussen die fontein en die huis nie, maar met ‘n vol emmer water en gereelde besoeke aan die fontein, kan die afstand nogal uitputtend raak. Wilmien onthou ook haar nefie, Wynand, ‘n jaar jonger as sy, wat baie keer saam met haar vir ouma gaan water haal het. Hy was oupa se naamgenoot en sy was haar ouma s’n. Sy onthou hy was baie sterk vir sy ouderdom, want hy het sommer beide die twee groot emmers op een slag gevat om te gaan water skep. Wilmien lag: “Maar natuurlik het ons dan meermale langs die pad gerus.”
Met die klomp water moes mens maar ook mooi kyk waar jy trap, want die paadjie na die fontein, het boonop deur oupa se pampoenlande geloop. Haar oupa het daar van die stoep af, jou mooi dopgehou as jy gaan water haal het, net om seker te maak dat jy nie op sy pampoenranke trap nie.

Gedenk Vonk

Wilmien kan skaars daardie aand haar oë glo… Daar by daardie fontein, verskyn daar ‘n liggie, ‘n helder wit liggie. “Dit het geblink soos fosfor”: vertel sy. Wilmien se gedagtes keer weer terug na die landskap soos sy onthou van die liggie se bewegings. Sy vertel dat dit was net na skemer en al donker buite. Die liggie het verskyn en bowendien het die spookagtige verskynsel begin beweeg: “In ‘n halfmaanvorm het dit regs van die fontein gespring, al onder die Wilgerbome deur tot waar die pampoenland eindig en die vrugteboord begin het. Dan raak hy weg en verskyn weer tussen die vrugtebome al met die boord af tot waar hy wegraak by die Kweperboom.”

Soos hulle daar op die stoep sit, het daar ‘n groot Kweperboom aan die regterkant van die huis, heel aan die bopunt van die vrugteboord gestaan. Haar ouma het gereeld kwepers gepluk wat sy lank gekook het en suiker by die stroop moes gooi. Wilmien was nie baie mal oor die smaak van hierdie kwepers nie, dit maak nie saak hoe lank haar ouma die goed gekook het nie. Tog was dit ‘n redelike gewilde lekkerny by van die familie-lede. Waarvan Wilmien wel gehou het, was die perskes en appels wat sy saam met haar ouma in die boord gepluk het. Ouma het die appels op n groot plat pan uitgepak en dan in die swart koolstoof se oond gebak.

Wilmien en haar oupa het die liggie met valkoë dopgehou. Wilmien vertel: “Die liggie in die aande was vir my die vreemdste ervaring. Wat dit nog vreemder gemaak het, is dat die volgende aand, die liggie maar weer by die fontein verskyn het, dieselfde roete gevolg het en weer by die Kweperboom verdwyn het. Niemand het en kon die verskynsel verstaan nie.”

Vandag woon Wilmien al jare nie meer op die plaas nie. Sy het geensins ‘n idee wie vandag die plaas besit nie en of die ou Kweperboom nog staan nie. Minder het sy ‘n verklaring van wat daardie liggie was en sy wonder of dit nog daar op sy roete spring. Sy het dit nie net daardie twee kere beleef nie – die liggie het elke aand, net nadat skemer plek gemaak het vir die donkerte, daar tussen die fontein en die Kweperboom verskyn, gespring en verdwyn.

Na al die jare kan Wilmien steeds nie verstaan waarom hierdie spookagtige verskynsel plaasgevind het nie; al wat sy weet is dat dit nie ‘n storie is nie, want sy het dit persoonlik beleef. Sy het dit met haar eie jong ogies gesien gebeur.

Het jy al ‘n liggie in die donker gesien verskyn, wat boonop spring en dan iewers verdwyn? Wilmien het en al het sy en haar familie daar gaan loop in die dag, op soek na een of ander verklaring daarvoor, bly hierdie ‘n vreemde en raaiselagtige verskynsel.

Dankie Wilmien, nou weet ons ook van die liggie wat verskyn, daar in die Balfour-omgewing, by ‘n fontein, op ‘n pragtige plaas.

.